

# Johannes Meintjes

## Veelsydige Kunstenaar

As 'n mens Johannes Meintjes vra wanneer hy begin skilder het, sal hy antwoord: „Nog voordat ek kon praat". En so was dit. Maar dis ook waar van baie kinders. Wat wel uitsonderlik word, is wanneer 'n kind onverpoosd daarmee volhou tot dwarsdeur die puberteitsjare. Meintjes verklaar dat hy sy lewe lank met die skilderkuns besig is.

Die eerste vyf jaar van sy lewe het hy sorgvry op die familieplaas, Grootzeekoegat, in die distrik Molteno in Noordoos-Kaapland deurgebring. Hier was sy vader skaapboer. Wanneer hy nie met sy tekeninge besig was nie, het hy saam met sy vader veld toe gegaan, in die skaapkrale gespeel, of saam met sy vader op sy perd gery. Sy moeder, gebore Borcherds, spruit uit een van die mees verfynde families van Wes-Kaapland en is 'n nasaat van die bekende Meent Borcherds, aanvanklik Hollandse leraar in Kaapstad en vanaf 1786 leraar op Stellenbosch. Van vaderskant bevind Meintjes se voorgeslagte hulle reeds byna drie eeue in Suid-Afrika.

Meintjes se vader is skielik op 35-jarige leeftyd oorlede. Mev. Meintjes het met haar vier kinders na haar tuisdorp, skilderagtige Riversdal, getrek waar klein Johannes ook vyf jaar tevore gebore is. Hier sou hy tot sy vyftiende jaar bly.

Op Riversdal het hy hom al hoe meer in teken- en skilderwerk verdiep, veral in studies van mense. Die bejaarde kunsskilder Jan Volschenk het toe nog gelewe en die jong knaap het dikwels by die oubaas se ateljee ingeloer. Volschenk was toe reeds baie oud, met 'n spierwit kop. Johannes het graag na hom en sy landskappe sit en kyk, maar Volschenk is oorlede toe die seun nog baie jonk was.

„My eie werk het ek vir almal gewys wat daarna wou kyk," vertel Meintjes. „Tot my verbasing moes ek ontdek dat ek beter as my onderwyseres kon teken. Ek het my werk op die kunsafdeling van die jaarlikse landbouskou begin uitstal en feitlik al die pryse verower, 'n prestasie wat my in staat gestel het om my eerste olieverf te koop."

In mnr. Viljoen het hy 'n goeie kunsonderwyser gehad van wie hy baie kon leer en wat hom deurgaans aangemoedig het. Toe hy vyftien was, het hy met olieverf begin werk, al sukkelend, en met sy twee jongste sussies as onwillige modelle.

Mev. Meintjes het in 1938 besluit om met haar kinders—'n seun en drie dogters—na Kaapstad te verhuis. Hier is die jong Johannes se lewe ingrypend verander. Kaapstad sou ook jare daarna sy woonplek bly. Mnr. H. A. Rust, tans Suid-Afrikaanse ambassadeur in Nederland, was destyds hoof van die Hoërskool Jan van Riebeeck, en hy het spesiaal gereël dat Meintjes kuns as skoolvak kon neem. Die paar skoliere aan wie dié vergunning gemaak is, het kunsklasse van Florence Zerffi in haar ateljee te Wynberg ontvang. Sy was 'n kunstenares van naam, weduwee van die briljante impressionis Strat Caldecott, en 'n baie bekwame dog strenge onderwyseres. So het Meintjes se eerste akademiese onderrig op 15-jarige ouderdom begin. Zerffi het sy talent uitgeken, want sy het aangebied om hom kosteloos ekstra klasse, wat niks met die skoolwerk te doen sou hê nie, te gee. Sy het sy vordering krities gevolg.

„Zerffi was 'n ongenadige onderwyseres, maar deeglik soos min en ek het baie van haar geleer. Haar goeie smaak, vurige opvattings, skerp kritiese sin en wye belesenheid sou my blywend beïnvloed, hoewel haar werk my koud gelaat het," verklaar Meintjes.

„Toe het ek vir Irma Stern en Maggie Laubser ontdek. Instinktief het ek geweet dat dit die rigting was waarin ek moes werk. Irma Stern se kleurgevoel en Maggie Laubser se komposisie het 'n nuwe wêreld vir my oopgesluit—die Ekspressionisme, waarvan ek toe nog maar min geweet het. Ek het geleer hoe om met olieverf te werk en een na die ander doek voltooi—wild en koorsig. Zerffi het haar bes gedoen om my in

Selfportret op 19-jarige ouderdom, 1944







Ou Boer, 1946

*Regs bo:* Man met Wit Ghitaar, 1946

toom te hou en te dissiplineer. Aan haar kritiek het ek soveel waarde geheg dat ek elke stuk wat sy goedgekeur het, dadelik geraam het."

Hy het hom veral aangetrokke tot Maggie Laubser se werk gevoel en was sowat 17 jaar oud toe hy 'n bewonderaarsbrief aan haar geskryf het.

„Uiteindelik het ons ontmoet aan die huis van Cecil Higgs op Stellenbosch. Dit was die begin van 'n groot vriendskap. Ek het my hart en siel in 'n stryd gewerp om erkenning vir Maggie Laubser te verkry. Met verloop van tyd sou ek ook baie oor haar skryf, artikels en 'n boek (op die ouderdom van negentien jaar) en radiopraatjies. Die gevolg was dat baie mense verkeerdelik gedink het dat my werk deur haar beïnvloed is. Wat wel gebeur het, was dat ek tot haar eie bron teruggegaan het, die Duitse Ekspressionisme, en so my eie styl gevind het," verduidelik by.

Nadat hy die Matriek-eksamen afgelê het, was dit 'n probleem om te weet wat om te doen. Eintlik wou hy net skilder. Destyds was daar maar min puik kunsskole en Meintjes se kunstenaarvriende het hom aangeraai om hom voorlopig liewer aan sy tweede liefde te wy, nl. die letterkunde. Hy het na die Universiteit van Kaapstad gegaan met Afrikaans-Nederlands en Engels as hoofvakke en hom as letterkunde-student onderskei. Tog het hy intensief met sy skilderwerk voortgegaan en verklaar:

„Om die waarheid te sê, was ek so bedrywig met my skilderwerk dat ek nie weet hoe ek ooit my graad behaal het nie. Ek het my werk vir al die kunstenaars in die stad gewys en van almal iets geleer—Lippy Lipshitz, Ruth Prowse, Charles Peers, Gregoire, Jean Welz, Nerine Desmond, Frieda Lock, May Hillhouse en so meer."

Zerffi se invloed het geleidelik begin afneem, Maggie Laubser s'n het toegeneem—„nie wat styl of onderwerp betref nie", verduidelik Meintjes, „maar werkmetode. Maar die een van wie ek die meeste geleer het, was May Hillhouse".

Mej. Hillhouse was destyds ere-sekretaresse van die K-klub en Meintjes meen dat hy die jongste lid was wat die klub nog ooit gehad het. Sy was 'n aantreklike donker vrou met 'n diepgaande tegniese kennis van die skilderkuns. „Soos in die geval van Zerffi, het May Hillhouse se werk my koud gelaat, maar ek het seker meer van haar geleer as van enigiemand anders. Jarelank het sy elke skildery gesien wat ek gemaak het en dit deeglik gekritiseer. Daar was ook

Cecil Higgs van wie ek baie aangaande verfhantering en tekstuurwaarde geleer het."

Op 20-jarige ouderdom het hy die graad B.A. behaal. Hy was onwillig om sy literêre studies voort te sit, want 'n doktorsgraad in die letterkunde sou maar min betekenis vir 'n kunsskilder hê. Die probleem was om 'n verdienste te vind en tog met skilderwerk voort te gaan. Mnr. Gerrit Bakker, wat destyds by 'n Kaapstadse boekhandel werksaam was, het besluit om sy eie boekhandel in Johannesburg te begin en het Meintjes gevra om sy assistent te word. Dit was 'n tydelike uitkoms en vir die eerste keer in sy lewe beland Meintjes in Johannesburg waar hy gou die kunskenners en kunstenaars van die noorde leer ken—Anton Hendriks, Elsa Dziomba, Alexis Preller, Walter Battiss en baie ander. Sommige van hulle het sy vriende geword, veral Preller.

Die ou Gainsborough-galery, destyds in die Lennon-gebou in Pritchardstraat, was in daardie jare die bymekaarkomplek van die *avant garde*. Johannes Meintjes het dié galery bespreek vir sy eerste tentoonstelling in Augustus daardie jaar (1944). Hy het die boekhandel verlaat en na Kaapstad teruggekeer om hom vir sy tentoonstelling voor te berei, vasbeslote om sy bestaan as beroepskunsskilder te regverdig. Sy familie het hierdie waaghalsige besluit ondersteun—blykbaar met die wete dat daar geen keer meer aan hom was nie. Platsak en met sy hele toekoms op die spel, is hy met sy skilderye terug na Johannesburg vir die opening van die tentoonstelling. Hy was toe een-en-twintig.

Die tentoonstelling het groot opspraak verwek en Meintjes feitlik landswye bekendheid besorg. Artikels oor sy werk het in verskeie tydskrifte en blaaie verskyn en honderde belangstellendes het die uitstalling bygewoon. Gideon Horn het in *Die Transvaler* na hom verwys as „'n jong kunstenaar . . . wat hom aan 'n mens openbaar as moontlik die belowendste onder die jongeres. Van die opvallendste kenmerke van sy werk is sy besondere beheer van kleure, sy tegniese vaardigheid, die selfstandigheid van gees wat daaruit spreek . . ."

In *Forward* het Ronald Morris verklaar: „In most of his work there is the poetry, the loneliness and the longing of youth. (His) metier is . . . the vitality of life and the fantasies of the mind and the spirit."


Daar was aanvallende kritiek ook, maar dit het Meintjes verwag. Gelukkig het hy genoeg werke verkoop om byna 'n jaar lank onafhanklik te kon lewe.


Terug in Kaapstad het hy 'n ateljee



Kop van 'n Jong Man, 1945

Jong Vriende, 1944





Seun met Voël, 1946



Singende Seuntjies, 1947



Droomperde, 1947

gehuur (van Marie Gravett, tans mev. Gregoire Boonzaaier) en hom gereed gemaak vir sy eerste tentoonstelling daar. Die Kaapse kritici is—volgens mnr. Meintjes—meer konserwatief as dié van Johannesburg, maar hulle het sy werk goed ontvang. Prebble Rayner het geskryf: „Johannes Meintjes . . . is an ardent young painter of considerable promise, tackling his fellow-man as subject-matter. There is apparent in his work a deep-seated awareness of individual character . . ."

David Gamble: „Mr. Meintjes is a strong and direct painter with a pronounced sense of drama, together with a most interesting feeling for colour and a sensitive appreciation of personality. A strong vein of fantasy is another of his qualities."

Magda Sauer: „Hy is een van die talentvolste jong skilders. Ten spyte van sy jeug het hy al 'n styl van sy eie ontwikkel. Hy het 'n sterk en dramatiese gevoel vir kleure en 'n goeie en oorspronklike gevoel vir komposisie."

In *Trek* het Prebble Rayner verder verklaar: „I am no Nostradamic soothsayer, but I have every faith in the future of Johannes Meintjes."

Geldelik was hierdie tentoonstelling so suksesvol dat Meintjes nou sy groot begeerte kon verwesenlik, nl. om sy studies oorsee voort te sit. Die oorlog het pas ten einde geloop en intussen was hy deeltyds kunsonderwyser aan die Hoërskool Jan van Riebeeck en S.A.C.S.

Na 'n tweede tentoonstelling in Johannesburg teen die einde van 1945 is hy nog in dieselfde jaar aan boord van die *Acquitania*, 'n troepeskip met sewe-duisend mense aan boord, na Southampton. In Londen het hy sowat agtien maande studeer en diep gedrink aan die Europese kultuur. Deeltydse radiowerk by die B.B.C. (saam met Arnold van Wyk) het hom aan die lewe gehou.

Intussen het belangstelling in sy werk steeds toegeneem en met sy terugkeer na Suid-Afrika in 1947 het sy tweede tentoonstelling in Kaapstad buitengewone sukses gehad. Almal het groot vordering in Meintjes se werk gesien en het hul dankbaarheid uitgespreek dat hy hom nie te veel deur buitelanders laat beïnvloed het nie. Hy is beskryf as 'n „pionier" en 'n „Voortrekker" in die nuwe tradisie van die Suid-Afrikaanse skilderkuns.

In Kaapstad het hy 'n ateljee in 'n ou Kaaps-Hollandse huis gehuur en verskeie tentoonstellings elders gehou. Hy het die tekenklasse van nie-blanke studente aan die Kaapse Tegniese Kollege behartig en heelwat uitsaaiwerk gedoen, insluitende die eerste kunsprogram vir die jeug wat ooit in die land uitgesaai is. Inmiddels het hy ook begin skryf en talle artikels, essays en kortverhale uit sy pen het verskyn.

Sy eerste boek, 'n monogram oor Maggie Laubser, geskryf toe hy pas 19-20 was, het in 1944 verskyn. Dis een van die besversorgde boeke wat ooit in die land gedruk is en is vandag reeds gesogte Africana. In 1947 het 'n bundel kortverhale, deur homself geïllustreer gevolg en in 1948 'n boek oor sy liriese skilderye.

In 1949 het Meintjes Kaapstad verlaat en hom op die familieplaas, Grootzeekoegat, gevestig. Daar het hy vyf jaar in feitlik eensame afsondering deurgebring en die plaas slegs verlaat om sy werk in verskeie sentra tentoon te stel. In dié tyd het sy boek oor Anton Anreith, Suid-Afrika se eerste beeldhouer, verskyn, asmede 'n toneelstuk (in medewerking met Uys Krige) wat die letterkundige prys van die Nasionale Adviesraad van die destydse Afdeling Volwassene-onderwys verower het. Ook het hy 'n kunstentoonstelling op 'n lesingtoer deur die Vrystaat geneem.

Sedert 1954 tot vandag bevind mnr. Meintjes hom deels in Johannesburg en deels op die plaas naby Molteno, met gereelde tentoonstellings in al die groot stede. In 1958 het hy weer 'n besoek aan Europa gebring.

In 1955 het daar nog twee boeke van hom verskyn, een oor sy plaas-onder-

vindings en 'n roman wat die eerste prys in 'n kompetisie wat deur die Stadsraad van Pretoria gereël is, verower het. Onlangs het ook sy *Complex Canvas* verskyn, met veertig van sy tekeninge en daarna *Dagboek* 1, aantekeninge uit sy joernaal (wat Meintjes 20 jaar lank reeds hou) wat 'n boeiende prentjie van die kunslewe in Suid-Afrika skets.

Skilderwerke van Johannes Meintjes is reeds deur baie instellings en bekende versamelaars dwarsdeur Suid-Afrika en ook in die buiteland aangeskaf.

„Wanneer ek kyk na die massa materiaal wat in die afgelope sestien jaar oor my werk geskryf is, staan mens verbaas dat daar nog soveel uiteenlopende menings daaroor kan bestaan. Die bewonderaars en die vyande wat ek aan die begin gehad het, het ek vandag nog; daar is net meer van hulle. Hier volg nou uittreksels uit die geskrifte van ander wat ek self pertinent vind," aldus Meintjes.

„The actual product of his brush lives and moves in an inter-realm between the world of fact and fiction. His point of departure, however, is the inner world: an idea rather than external event engenders the spark of his creation." (*Trek*, 1947.)

„Mr. Meintjes is essentially an imaginative painter and a colourist. The fact that a great part of his work is done from memory explains the curious sameness of feature and pose." (*Cape Argus*, 1947.)

„Hier is 'n kunstenaar met 'n vonk van eie aard; wat nie alleen weet hoe om te teken nie, maar ook hoe om 'n sterk emosionele aanlokking uit te druk." (*Die Burger*, 1948.)



Afskeid, 1951



Nagtelike Jolyt, 1948

„Meintjes werk soos 'n liriese digter: in elke werk gee hy net homself, en deur homself die groot, somber wêreld." (*Bartho Smit*, 1949.)

„There is no doubt that this young artist has genius. Already one can pick out his portrait studies at any exhibition. (They) are as distinctive as Rosetti's faces." (I. J. M., Bloemfontein, 1949.)

„(He) is one of those who . . . have chosen a pathway through an apparently barren landscape, away from the easy forms and subjects of conventional art expression." (Ruth Prowse, 1950.)

„Hier geld die innerlike van die kunstenaar as uitgangspunt van sy uitbeelding. Hiertoe gebruik hy kleur- en vormsimbole, ontleen aan die sigbare werklikheid, maar geheel en al vervorm en verkleur en losgemaak uit hul realiteitsverband. Mens sou dus die werk van Meintjes kan karakteriseer as innerlike selfportretering." (*Die Volksblad*, 1950.)

„Uit hierdie rustelose, dinamiese jong temperament sal nog veel van verrykende waarde en skoonheid vir ons skilderkuns kom. Johannes Meintjes staan met 'n oop en ontvanklike gemoed teenoor die lewe: Hierin lê sy groeikrag en hierdeur gee die lewe hom genoeg aan besieling om met albei hande aan te gryp." (S. Ignatius Mocke, 1953.)

„Meintjes seems to be concerned not only with the moment of reality, but the preparation before it, and the

length of time that lies beyond it. About the heads . . . there is an air or patient rapture, almost as if each being portrayed here awaits a new birth of the spirit. It is the resulting quality of timelessness that is so strangely moving." (Neil Sack, 1954.)

„Die man wat diep loer in die werkinge van die siel en oor wie se integriteit daar nooit getwyfel kan word nie—dit is Meintjes. Sy kleur, sy lyn, sy sin vir die mistiese (romanties-ekspressionisties) en sy kennis van die menslike anatomie gee hom 'n hoë plek in die Suid-Afrikaanse kuns." (*Die Transvaler*, 1956.)

„In Meintjes' work there is always a sense of the mysterious, whether it be expressed through these sombre, unpopulated landscapes or through the expression of a guitar player, a seated boy, a lonely bather beneath the sickle moon, or simply through the relaxation of a sleeper in the sun. There is poetry in this painting." (*Pretoria News*, 1958.)

„Die interessantste kwaliteit in Meintjes se werk is dat sy surrealisme 'n onmiskenbare Suid-Afrikaanse atmosfeer weerspieël." (Anna Vorster, 1959.)

Gelyktydig met 'n skerp aanval op sy werk in Kaapstad, verskyn die volgende in *The Cape Argus* (Aug. 1959): „His present exhibition shows again that passionate introspective quality possessed by this most poetic of younger South African painters. Meintjes brings to his work the inner vision of the dreamer. He seems to penetrate and explore the very nature of the dream worlds of loneliness and illusion. The characteristically strong dissonant colouring is used to heighten and intensify the already charged atmosphere. It is, in fact, in mood and atmosphere that Mr. Meintjes deals. His figures have all been conceived monumentally and have been resolved in purely pictorial terms. They have a solidity—a sense of filling up the canvas with their own force—reminiscent of the great Mexican mural painters."

„Sy skilderye stel 'n fyngevoelige, digterlike en ietwat na binne skouende kunstenaar aan ons voor. Hy is 'n kunstenaar wat sy dromerige wêreld met sielvolle, melankoliese oë bevolk en eindeloos soek na die raaisel van die lewe. Hul rusteloosheid word verhoog deur die leegheid van agtergronde wat deur vreemde samestelling van kleure uitgebeeld is en 'n mistieke atmosfeer—iets byna metafisies—skep. Indien Meintjes daarin kan slaag om deur die „plafon" te breek, kan hy een van Suid-Afrika se leidende kunstenaars op die gebied van 'n besondere, fyn romantiese tradisie word. Hy kan vir ons word wat Chagall vir die Franse geword het." (L.C.S., *Die Transvaler*, 14/7/61.)

„Meintjes remains a very interesting painter. A sentimentalist and a romantic he is, and where this has spoiled his work he has been justly criticized. But



Ontbyt, 1955

Seun in Herfslandskap, 1952





Klopse, 1953

Voël, 1954 (Aangekoop deur die Stadsraad van Pretoria)



such criticism often overlooks an important aspect of his work, perhaps the most important, and that is its particular poetical intensity. Now all artists have their dream worlds. Some are exclusive and others can be shared: Meintjes's dream world, his world of things remembered, is hardly less personal than anyone else's. But such is the intensity with which it is recalled, such is the frankness of the terms in which it is stated that we are compelled to enter it." (Neville Dubow, *Cape Argus*, 31/10/61.)

„Meintjes is an almost epicurean experimenter in form and colour—more so now than in his 'immature' days. Some may term some of the form too impressionistically abstract in some of these works. They are not. To me, they are vivid essays of almost graphic reflection, self-interpretations heightened by dashingly adventurous use of colour. They mirror the images of an artist unafraid. Meintjes can be brooding as well as gay, wrap his work in an aura of despondency as well as hope, but nothing can gainsay his compelling and challenging approach." (I.J.M., *The Friend*, 4/4/62.)

„In die welige skilderkuns van Johannes Meintjes vind ons die voortdurende eienskappe van warm aarde, blou lug, eksotiese vorme, e.s.m. Sy arbeiders, vroue en kinders wat hulle in dié wêreld bevind, beweeg met 'n soort afgetrokkenheid wat boei—byna soos wesens wat hul moeilike weg deur die lewe baan, maar daardeur ongeskonde bly. 'n Mens word byna gehipnotiseer deur die uitdrukking in daardie wye oë en sprakelose lippe. Min kunstenaars besit die durf en oortuiging van Johannes Meintjes in sy voorstellinge. Met 'n soort bevredigende ongeërgheid skilder hy die sinlik-aardse. Daar is 'n oorheersende gevoel van beskutting en beskerming—die aarde wat die eensames nader trek en teen haar boesem druk; die rustende arbeider wat moeg sy arms en bene oor die warm grond uitstrek, of met sy kop op die skoot van 'n vrou rus; die enkelinge of groepe figure wat feitlik deel uitmaak van die landskap wat hulle omhul." (Carl Büchner, *Die Burger*, 23/10/62.)

„If art is, among other things, a process of revealing the world as seen by one particular man, if it is an interchange of the values of things as they are for the values an artist puts upon them, then Meintjes is one of the most communicative painters we have." (Neville Dubow, *Cape Argus*, 17/10/62.)

Meintjes se credo kan feitlik as volg opgesom word: „Gertrude Stein het eens verklaar dat 'n kunstenaar nie kritiek nie maar waardering nodig het. Dis in 'n groot mate waar. *Hy moet deurgaans getrou bly aan sy visie*, aan sy eie idioom, al sê wie ook wat, sy integriteit behou, geestelik ontwikkel en werk vanuit sy hart. Dis wat ek nog altyd gedoen het, en hopelik sal doen tot die dag van my dood."



Die kunstenaar se vrou Ronell, 1961



Gesig, 1959



Vrou op Straat, 1957